SLINGERVEL

April 2017

Christelike maandblad vir die jeug

Slingervel, Jaargang 58
Nommer 987, April 2017

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Die natuur se weerburo's
10 Rigters – Blokkiesraaisel
12 Erdwurmtee
14 Die skepping
15 Kleur in volgens nommers
16 Rigters – Blokkiesraaisel Oplossing
17 Desiderius Erasmus
18 Wat kan ek lees?
20 Vinke

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

p. 18



REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Riana Jonker
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R255,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
(Sien die intekenvorm op bl. 8 vir meer inligting oor intekengeld.)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 58,
Nommer 987,
April 2017
ISSN 0037 685 X

Redakteursbrief

Maats,

Vakansiedae! Skoolvakansie! Tyd om so bietjie iets anders te doen as skool toe gaan!

Een van ons professore, prof. Bert Floor, het altyd vir ons gesê dat vakansie net 'n ander manier van werk is. Ek het nie gedink dis baie oulik nie – tot ek besef het dat hy reg is! Dink net: 'n Mens kan nie niks doen nie. Dink mooi daaraan: Probeer bietjie om NIKS te doen nie.

Gaan sit op 'n stoel. Moet niks in jou hande hou nie, maak jou ore en oë toe dat jy niks kan sien of hoor nie. Sit net stil. Hoe lank kan jy dit doen? Ek kry dit nie eers vir 60 sekondes reg nie!

In die vakansie hoef jy nie so vroeg op te staan en skool toe te gaan en huiswerk te doen nie. Maar jy kan nie NIKS doen nie! Jy moet IETS doen. Daarom is vakansies – as julle nie weggaan nie – die ideale tyd om dinge te doen waarvoor daar nie in die kwartaal tyd is nie.

In hierdie SLINGERVEL is daar weer 'n projek wat jy kan begin. Ons noem dit ERDWURMTEE. As julle nou begin, sal julle 'n mooi voorraad bemesting kry om in die lente met jou eie tuintjie te begin. Hopelik gaan julle ook die hele SLINGERVEL deurlees!

Ek het verlede maand vertel van Hendrik die Agtste – die reformator wat nie gereformeer het nie! Hierdie maand vertel ek julle van nog iemand wat nie as reformator bekend was nie, maar 'n groot invloed op die Reformasie gehad het: Desiderius Erasmus.

Nou ja, kom ons spring aan die werk – nie skoolwerk nie – maar hard werk om lekker dinge te leer en te doen.

Groete tot Mei!

Oom Attie Venter

Die natuur se weerburo's

Soos visse in 'n see van water lewe, so bestaan die mens en alle landdiere in 'n "see" van gas ('n mengsel van hoofsaaklik koolsuurgas en suurstof en 'n kleiner persentasie *waterdamp*). Alles wat in die water voorkom en dinge wat daarin gebeur, oefen 'n invloed uit op die visse (en ander seediere). So oefen alles in die atmosfeer, veral lugdruk en waterdamp, een of ander invloed uit op die mens en landdiere.

Ek sal dus 'n regmerkie maak by oom Servaas se rugpyn wat vir hom vertel dit gaan reën (lees weer die eerste artikel in Nov/Des 2016 se *Slingervel*, maar *nie* by die kringe om die maan met die opening aan die een kant of die sterre se flonkerings of by Januarie se weer wat die res van die jaar se wel en wee sal bepaal nie!

Insekte en voëls en ander diere

Jy sal nou beter verstaan waarom ons meer waarde kan heg aan dieregedrag as dit by weervoorspellings kom. Die oplettende boer weet dat hy die weer kan voorspel deur noukeurig op die gedrag van diere soos miertjies en voëls op die plaas te let. Dis veral reëntekens wat van belang is, want ons land word deur droogtes geteister. Natuurlik is die betrokke diertjies se lewens ook op die spel, anders sou hulle nie juis op veranderinge in die vogtigheid van die lug en lugdruk gereageer het nie. Ons gesels oor 'n paar voorbeelde:

- *Miershope* word van tyd tot tyd beskadig. Wanneer die bewoners agterkom dat reën aan die kom is, sal hulle gou die stukkende plekke herstel sodat die reënwater nie die miershope kan binnedring nie. Sulke nuutgelapte miershope is dus 'n aanduiding van reën wat verwag kan word. Bedrywighede van miere wat stokkies aandra nes toe, is ook 'n teken van komende reën. Wanneer miere of termiete hulle neste se torings hoog bo die grond begin bou, is reën op pad.
- *Swart miertjies* loop in draaie as daar nie reën aan kom is

nie. As reën op pad is, hardloop hulle in twee rytjies heen en weer (seker om vinniger oor die weg te kom).

- Miere skarrel ook vreeslik om hulle kos by die bome se stamme op te dra voor die reën kom.
- Wanneer jy 'n *oogpister* ('n swart gogga met geel kolle op sy rug) sien, is daar swaar reën op pad.
- *Paddas* en *slange* is ook baie woelig voor die reën.
- *Skilpaaie* beweeg na hoër grond, *rysmiere* vlieg, *brulpaddas* kwaak en *duisendpote* loop rond voor die reën. As die grond deurweek is na swaar reën, soek *erdwurms* lug vir asemhaling deur teen mure en ander voorwerpe uit te klim.
- *Werfdiere* (soos bokke, kalwers en perde) raak uitbundig en hardloop al spelende en springende rond.

Vissermanne se tekens

Vir die vissermanne is dit belangrik om te weet watter weer verwag kan word wanneer hulle die see invaar. Hulle kyk veral na bepaalde wolkformasies en windrigtings:

- Uitgestrekte *vlieswolkies* in die oggend langs die Kaapse suidkus voorspel reën later in die dag.
- Wanneer die *seeduikers* almal van die see na die land vlieg, is dit ook 'n teken van komende reën.
- Sommige vissermanne aan die Kaapse suidkus het hulle eie eenvoudige weervoorspeller: 'n gedroogde *blaasoppie*, *seeperdjie* of *seevarkie* word aan 'n toutjie in die huis opgehang. Afhangende van hoe dit draai, kan daar vasgestel word uit watter rigting die wind gaan waai en of dit gaan reën.

Nog weertekens

- In die verre Limpopo-bosveldstreke let die boere op die doringbome in die lente. As daar baie bloeisels aan die bome is, is dit 'n teken van droogte. Dis eintlik 'n voorsorg wat die natuur self tref, want wanneer die grondweiding later uitgeput is, kan die beeste en die wild die peule van die doringbome vreet.
- Daar is ook die geloof dat, as die suidoostewind gedurende die somer sterk in die suidwes-Kaap waai, reën daarna in die binneland verwag kan word.
- Rumatieklyers of persone wat voorheen beserings aan hulle ledemate opgedoen het, kan ook getuig dat reën aan die kom is wanneer die betrokke plekke aan hulle lywe begin pyn. Hieroor het ons al in die vorige artikel gepraat.

Natuurlik is die weervoorspellings op TV en die radio akkurater, omdat dit gebaseer is op statistieke wat oor baie jare versamel is, en op waarnemings met behulp van weerkundige apparate wat deur rekenaars verwerk is. Ons weet egter dat weerkundiges wat hierdie wetenskaplike apparate gebruik, die pot partykeer missit. Dan haal ons maar net die skouers op en pak die reënjasse weg.

Boere en almal wat wil weet wat môre en oormôre bokant hulle koppe gaan gebeur, kan gerus hulle Bybels by Prediker 11:4 oopslaan en die volgende woorde ter harte neem: *"Wie die wind bly dophou, saai nie, wie na die wolke bly kyk, oes nie."*

Hier volg 'n treffende gebed (geneem uit 'n gemeenteblaadjie) vir hierdie tyd waar ons versengende hitte ondervind en dalk voortdurend opkyk na die wolke:

"... Vroeër was dit vir my maklik om te bid, maar die mense se navorsing en insig maak dit nou vir my moeilik om reën te vra. Wat van al die hoëdrukstelsels en laedrukstelsels? Wat van siklonaal en antisiklonaal? Hoe kan ek reën vir vandag vra as daar geen koue front in sig is nie, of as bergwindtoestande elke druppel vog uit die lug uit skroei? Ek is ook nie lus vir diegene om my wat nooit bid nie, U nooit eer of nooit hulle voete in u huis sit nie, maar as daar droogte is, moet daar spesiaal 'n biddag vir reën gereël word en dan is almal ewe vroom skielik daar. Ek weet ook nie wie U die graagste wil help wanneer die teerstraat-mense bid vir mooiweer en die landbou-mense bid vir uitkoms nie.
Daarom buig ek my kop in ootmoed en word stil voor U. Hier binne, diep binne, weet ek – ten spyte van alles – U kan! Ek weet ook dat U die regte tyd ken en dat U laat reën oor die regverdiges en onregverdiges (Matt. 5:45).
Dankie nou al vir die reën wat U uit genade op u regte tyd op die regte plekke sal uitstort. Amen."
SV

(Bronne: *Die Taalgenoot* Aug. 1991; *Beeld* 21 Jan. 2016; *Die Zoutkorrel* Jan/Feb. 2005)

Die skepping

Maats, ons weet dat God alles in ses dae geskep het, en dit op die sewende dag voltooi het. Pas die prente by die teksvers en kleur die prente in.

Toe het God gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig. God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei. Dit was die eerste dag.

God het die gewelf gemaak en die waters onder die gewelf geskei van die waters bo die gewelf. God het die gewelf "hemel" genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die tweede dag.

Toe het God gesê: "Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word." Dit was die derde dag.



God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers, en ook die sterre. Dit was die vierde dag.

Toe het God gesê: "Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg." Dit was die vyfde dag.



God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger." Dit was die sesde dag.



Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het. Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig.

Oom Hennie

VINKE

Hallo maats!

Ek kyk so by my studeerkamer se vensters uit: aan die noordekant is ons voortuin – en die vinke het weer lekker in die ou groot boom nessies gemaak.

As mens hulle dophou, sien jy hoe wonderlik die Here die skepping gemaak het! Hier kom die mannetjie en hy moet die nessie bou. Eers stroop hy die takke kaal, en dan kom hy met 'n grassie en hy moet die grassie om die kaal tak knoop. Probeer bietjie met net twee vingers van jou een hand 'n lang grassie om 'n tak knoop! Jy mag van jou ander hand EEN vinger gebruik net om mee vas te hou. Dis moeilik! Maar meneer Vink kry dit reg. Dan 'n tweede grassie, en gou-gou begin die nes vorm aanneem. Vinke is deel van die wewer-familie – die enigste voëls wat 'n knoop kan maak!

Die mannetjie is in die paartyd nogal 'n aantreklike kêrel. Hier by ons word hulle 'n pragtige geel, maar soms is hier ook rooies. Die wyfie is maar 'n ou vaal voëltjie … wat hou van 'n mooi mannetjie!

Jong mannetjies sukkel nogal om daardie eerste knopie gemaak te kry. Ouer mannetjies kry dit reg, maar … Sodra die nessie klaar gebou is, moet amper-mevrou Vink inspeksie kom doen. Ek sê "amper-mevrou" omdat die wyfie kieskeurig is: die nessie moet sterk en veilig wees – geen slang of ander gedierte mag haar bedreig nie. Geen wind moet die nessie kan afwaai nie. Daarom is opening klein, na onder en stewig aan die boom geheg.

As die mannetjie die nes klaar gebou het, word "amper-mevrou" genooi om na die nessie te kyk. Sy inspekteer dit baie deeglik! As sy dink dis reg, word sy mevrou Vink. Maar o wee, as dit nie reg is nie, is dit 'n ramp vir die mannetjie! Binne 'n paar minute vernietig sy die nes waaraan die mannetjie vir ure en ure gewerk het!

As julle op 'n leë nessie afkom (maak asseblief net seker hy is leeg), kyk mooi na die kunswerk wat 'n klein voëltjie met 'n kort bekkie gemaak het! SV